HOOFSTUK 5: JEUGRADE

1. INLEIDING

Die volgende jeugrade bestaan binne Die Voortrekkers en word hier verder omskryf:

Kommandojeugraad	-	Kommando
Oordjeugraad	-	Oord
Gebiedsjeugraad	-	Gebied
Nasionale Jeugraad	-	Nasionaal

2. KOMMANDOJEUGRAAD (Alternatief tot Grondwet artikels 22.2.2 tot 22.2.6)

2.1 Samestelling

Die kommandojeugraad bestaan uit:

2.1.1 Een of meer Kommandojeugleiers .

2.1.2 Penkop jeugleier en Drawwertjie jeugleidster waar van toepassing

2.1.3 Spanleiers en adjunkspanleiers van al die Verkennerspanne en Gr 7 spanne waar van toepassing.

2.1.4 'n Volwasse lid deur die kommandobestuur aangewys wat 'n veldkornet of 'n adjunkkommandoleier kan wees.

2.2 Doel van kommandojeugraad

2.2.1 Om as skakel te dien tussen die jeuglede, kommandojeugraad, kommandobestuur en gebiedsjeugraad.

2.2.2 Om as spreekbuis van die kommando se jeuglede op te tree

2.2.3 Om deel te neem aan besluite wat tot voordeel van die betrokke Voortrekkerkommando en *Die Voortrekkers* is.

2.2.4 Om aktiwiteite vir die jeuglede te beplan en te organiseer in samewerking met die kommandobestuur.

2.3 Vergaderings

2.3.1 'n Kommandojeugraad vergader minstens twee keer per jaar, maar elke kommando-jeugraad kan sy eie reëlings tref.

2.3.2 Die oproep na die betrokke vergadering geskied deur die Kommandojeugleier volgens die datum op die jaarprogram of na oorlegpleging met die verantwoordelike volwasse verteenwoordiger.

2.3.3 Een van die verkose kommandojeugleiers tree as voorsitter van die vergadering op en die ander persoon as sekretaris.

2.4 Die sakelys moet minstens die volgende insluit:

2.4.1 Sake wat deur die Gebiedsjeugraad, Offisiersraad, Kommandobestuur en / of Kommandodagbestuur verwys is

2.4.2 Sake voortspruitend uit alle toepaslike notules

2.4.3 Toepaslike inligting uit omsendskrywes van toepassing op jeuglede.

2.4.4 Kennisgewings van aktiwiteite vir jeuglede bv Kampe, Gebied Goedgekeurde Aktiwiteite (GGA), Vlotvaarte, ensomeer.

2.4.5 Voorstelle vir aktiwiteite vir jeuglede.

2.5. Penkop- en Drawwertjie jeugleier

2.5.1 Vereistes

a) Die Penkop- Drawwertjie jeugleier moet 'n graad 7 leerling wees
b) Die pligte soos uiteengesit in die pligstaat moet verstaan en nagekom word.
c) Opdragte word slegs van die kommandoleier en/of verantwoordelike lid vir kommandojeugraad ontvang.

2.5.2 Belangrike eienskappe

Die volgende eienskappe word as kriteria voorgestel:

a) **Hardwerkend:** Het die kandidaat meer as die gemiddelde persoon gedoen wanneer iets gedoen moet word?
b) **Hulpvaardig:** Het die kandidaat uit eie keuse aangebied om te help per geleentheid sonder om gevra te word?
c) **Organiseringsvermoë:** Het die kandidaat al geleenthede of mense suksesvol georganiseer?
d) **Opoffering:** Het die kandidaat al in die verlede iets anders afgestel, en sodoende ’n prys betaal, om iets vir die Voortrekkers te doen?

2.5.3 Minimum pligte vir Penkop- en Drawwertjie jeugleier

a) Moet ten volle ingelig wees ten opsigte van die volgende:
   i. Naam en Van van elke Penkop/Drawwertjie spanleier /-ster
   ii. Naam en Van van elke Penkop/Drawwertjie spanoffisier.
b) Moet kommandojeugraad vergaderings gereeld bywoon.
c) Moet Kommandobestuur vergaderings bywoon .
d) Bywoon van Oordjeugraadsvergadering
e) Skakeling tussen die Penkop en Drawwertjie spanne en die Kommandobestuur in samewerking met Verantwoordelike persoon deur die Kommandodagbestuur aangewys .

2.5.4 Keuringsproses

a) Alle graad 6 Penkop/Drawwertjies jeuglede kom bymekaar onder leiding van die verantwoordelike volwasse lid.
b) Elke lid teenwoordig kan een kandidaat as jeugleier en jeugleidster vir die Penkoppe en Drawwertjies nomineer.
c) Die kandidate wat genomineer is word nou op ‘n kortlys geplaas deur die verantwoordelike volwasse lid.
d) Die kommandodagbestuur kontroleer dat die nominasies aan al die vereistes voldoen.
e) Die kandidate op die kortlys word nou genooi na ’n onderhoud met die Kommandodagbestuur en graad 6 spanoffisiere.
f) Na die onderhoude word die Penkop- en Drawwertjie jeugleiers deur die Kommandodagbestuur en graad 6 spanoffisiere aangewys.
g) Die verkose Penkop- en Drawwertjie jeugleiers se name word aan die res van die Penkoppe en Drawwertjies bekendgemaak .

2.5.5 Dienstermyn

Die dienstermyn van 'n Penkop- en Drawwertjiejeugleier is een jaar vanaf 1 Desember tot 30 November die daaropvolgende jaar.

2.6 Kommandojeugleier - Verkenners

2.6.1 Vereistes

a) Die Kommando Jeugleier moet ’n senior Verkenner vir die duur van die diens-termyn wees,
b) Ten volle op hoogte wees van wat die pos en pligte soos in paragraaf 2.6.3 vervat behels .

2.6.2 Eienskappe

Die volgende eienskappe word voorgestel as kriteria waarna gelet kan word tydens die nominering van kandidate:

a) **Hardwerkend:** Het die kandidaat meer as die gemiddelde persoon gedoen wanneer iets gedoen moet word?
b) **Hulpvaardig:** Het die kandidaat uit eie keuse aangebied om te help per geleentheid sonder om gevra te word?

c) **Organiseringsvermoë:** Het die kandidaat al geleenthede of mense suksesvol georganiseer?
d) **Opoffering:** Het die kandidaat al in die verlede iets anders afgestel, en sodoende 'n prys betaal, om iets vir die Voortrekkers te doen?
e) **Netwerkvaardighede**: Het die kandidaat al die foon opgetel en 'n suksesvolle gesprek met 'n vreemde persoon aangeknoop ("cold calling")? Het die kandidaat bronne (foonnommers, faksmasjien, e-pos fasiliteite) in die hande gekry om inligting by mense uit te kry oor een of ander gebeurtenis?
f) **Pro-aktief**: Hoe lank voor die tyd begin die kandidaat aan die gang kom? Kom hy/sy uit eie inisiatief aan die gang of moet iemand anders hom/haar aan die gang kry?

2.6.3 Minimum pligstaat vir Kommandojeugleier/ster

a) Bywoning van die Kommandobestuursvergaderings
b) Bywoning van die Oordjeugraadsvergaderings soos deur die oord bepaal waar van toepassing .
c) Beplanning, organisering en aanbieding van Verkenner aktiwiteite gedurende die jaar van hul termyn.
d) Skakeling tussen die kommandojeugraad en die kommandobestuur in samewerking met die betrokke Adjunk Kommandoleier,
e) Skakel met die betrokke Gebiedsjeugleiers of oordjeugleiers tov sake wat jeuglede raak met toestemming van die betrokke kommandodagbestuurslid.
f) Die kommandobestuur bepaal enige verdere funksies van die kommandojeugraad.

2.6.4. Kommandojeugleier stemproses

Alle graad 8 tot graad 12 Verkenners nomineer kandidate vir die aantal Kommandojeugleiers soos die kommandobestuur bepaal tydens 'n Verkenner byeenkoms soos op die program deur die Kommandobestuur bepaal

a) Die kandidate moet liefs 'n Verkenner in sy Gr 10 of 11 jaar wees .
b) Die vergadering moet plaasvind onder leiding van die huidige Kommandojeugleier(s), Adjunkkommandoleier Verkennersake en/of verantwoordelike lid van die kommandobestuur.
c) Alle Verkenners van Gr 8 tot Gr 12 kan deelneem aan 'n stemproses .
d) Die aantal Kommandojeugleiers , soos deur die Kommandobestuur bepaal , word op 'n meerderheidstem verkies .
e) Die name van die verkose Kommandojeugleiers word aan die Kommandobestuur voorgelê vir goedkeuring. (sien grondwet)

2.6.5 Dienstermyn

Die dienstermyn van 'n Kommandojeugleier is een jaar vanaf 1 Desember tot 30 November van die volgende jaar.

3. OORDJEUGRAAD (Opsioneel – soos deur Gebied bepaal)

3.1 Samestelling

Die Oord Jeugraad bestaan uit:

3.1.1 'n Gebiedsjeugleier
3.1.2 'n Oordjeugleier soos deur die Gebied bepaal
3.1.3 Kommandojeugleiers van kommando's binne die oord;
3.1.4 'n Voog in adviserende hoedanigheid soos deur die oord bepaal

3.2 Doel

3.2.1 Oordjeugleiers dien as skakel tussen die jeuglede van die betrokke oord en die oordbestuur en Gebiedsjeugraad.

3.2.2 Die Oordjeugleiers tree as spreekbuis van die betrokke Oord se jeuglede op.
3.2.3 Om effektiewe kommunikasie tussen die Gebiedsjeugraad en die jeuglede van die Oord te bewerkstellig .
3.2.4 Neem deel aan besluite wat tot voordeel van die Gebied en Die Voortrekkers is.

3.3 Konstituering en vergaderings

3.3.1 Die betrokke adjunkoordleier roep alle kommandojeugleiers in die oord op na 'n vergadering van die oordbestuur .
3.3.2 Die oordjeugraad vergader apart van die Oordbestuur op hul eie .
3.3.3 'n Gebiedsjeugleier soos deur die Gebied bepaal tree as voog van die oord op .
3.3.4 Die spesifieke Gebiedsjeugleier (voog) tree ook as Oordjeugleier en dus ook as voorsitter op .
3.3.5 Indien daar nie uit 'n oord 'n Gebiedsjeugleier gekeur is nie kan die Oord 'n Oordjeugleier uit die oordjeugraad verkies, benoem of keur soos in die geval van die Gebiedsjeugleiers soos in paragraaf 4.6 .
3.3.6 Die oordjeugraad vergader so dikwels as nodig, maar ten minste een keer per jaar,

3.4 Dienstermyn

Die dienstermyn van 'n Oordjeugraad is een jaar vanaf Januarie tot Desember van dieselfde jaar.

3.5 Magte, pligte en verantwoordelikhede

3.5.1 Die oordjeugraad gee deur die oordjeugraadverteenwoordiger insette aan die oordbestuur oor behoeftes van jeuglede.
3.5.2 Die betrokke Gebiedsbestuur bepaal ander magte, pligte en verantwoordelikhede van die oordjeugraad.

4 GEBIEDSJEUGRAAD

4.1 Samestelling

Die Gebiedsjeugraad bestaan uit:
4.1.1 Nasionale Jeugleiers in die Gebied
4.1.2 Aantal Gebiedsjeugleiers soos deur die Gebied bepaal
4.1.3 *Oordj*eugleiers soos deur die gebied bepaal
4.1.4 'n Adjunkgebiedsleier deur die gebiedsdagbestuur aangewys in adviserende hoedanigheid.
4.1.5 Gebiedsjeugraad voog/de soos aangewys deur die Gebiedsdagbestuur

4.2 Doel

4.2.1 Om 'n skakel te wees tussen die jeuglede van die betrokke gebied en die Gebiedsbestuur.
4.2.2 Om as spreekbuis van die Gebied se jeuglede op te tree.
4.2.3 Om aktiwiteite te beplan en te organiseer in samewerking met die Gebiedsbestuur.
4.2.4 Om effektief te kommunikeer met die kommandojeugleiers en inligting deur te gee.
4.2.5 Om deel te neem aan besluite wat tot voordeel van die Gebied en *Die Voortrekkers* is.

4.4 Konstituering en vergaderings

4.4.1 Die betrokke Adjunkgebiedsleier roep lede na vergaderings van die Gebiedsjeugraad op.
4.4.2 Die gebiedsjeugraad vergader so dikwels as nodig, maar ten minste een keer per jaar, behalwe die konstitueringsvergadering.
4.4.3 Een van die gebiedsjeugleiers tree as voorsitter van die vergaderings op. Indien die Gebiedsjeugleier nie teenwoordig is nie, wys die vergadering 'n persoon aan om as voorsitter vir die betrokke vergadering op te tree.

4.4.4 Een van die Gebiedsjeugleiers tree op as sekretaris op. Indien die Gebiedsjeugleier nie teenwoordig is nie wys die vergadering ’n persoon uit sy midde aan om as sekretaris vir die betrokke vergadering op te tree.

4.4 Dienstermyn

Die dienstermyn van 'n Gebiedsjeugraad is een jaar vanaf Mei tot April van die daaropvolgende jaar.

4.5 Magte , Pligte en werksaamhede

4.5.1 Die Gebiedsjeugraad gee deur sy verteenwoordigers (voorsitter en sekretaris) insette aan die Gebiedsbestuur oor die behoeftes van die jeuglede.

4.5.2 Die Gebiedsjeugraad is basies die spreekbuis van die Verkenner in die Voortrekkers en daarom is dit 'n baie belangrike komponent in die strategiese beplanning en werksaamhede van die Gebied .

4.5.3 Die betrokke gebiedsdagbestuur bepaal ander magte, pligte en verantwoordelikhede (werksaamhede) van die gebiedsjeugraad.

4.5.4 Die gebiedsjeugleiers is deel van die gebiedsbestuur.(?seker nie almal) Twee Gebiedsjeugraadslede soos deur die GJR voog/de aangewys vorm deel van die Gebiedsbestuur .

4.6 Gebiedsjeugleiers,

4.6.1 Keuringsproses

Aanvang

Die keuringsproses begin reeds met die uitnodiging deur die Gebiedsdagbestuur aan alle kommando’s en/of gebiedskampe om kandidate te nomineer as Gebiedsjeugleiers. Die inligting moet op 'n bepaalde datum by die gebiedskantoor ingedien word .

Voorafopdragte

Daar sal met die uitnodiging van die kandidate opdragte aan die kandidate gegee word. Die inligting moet ook op 'n bepaalde tyd by die gebiedskantoor ingedien word. Alle genomineerde kandidate moet aan die lidmaatskap vereistes voldoen soos uiteengesit deur die reglemente van Die Voortrekkers .

Die keuringsproses kan in die volgende fases geskied .

Fase 1

Kry **getuigskrifte** van die volgende persone, byvoorbeeld:

a) Kommandoleier
b) Predikant
c) Skoolhoof
d) 1 Voortrekkermaat
e) 1 nie Voortrekkermaat
f) Ander waarop die betrokke gebiedsdagbestuur besluit (ipv ensomeer)

Hierdie inligting kan reeds saam met die inskrywings ontvang word .

Fase 2

a) Stel 'n volledige verklaring op hoekom hy 'n positiewe en aktiewe lid van die Gebiedsjeugraad sal wees .
b) Die verklaring word op die keuringsproses as 'n toespraak aangebied aan die ander Verkenners teenwoordig .

Fase 3

a) Die AGL Verkennersake en Gebiedsjeugraadvoogde wys evalueerders aan vir die keuringsproses.

b) 'n Evaluasie lys sal aan elke evalueerder oorhandig word waarop hy / sy die kandidate sal beoordeel volgens sekere leierseienskappe . Dit moet baie vertroulik gebeur.
c) Die evaluasie kan deurlopend bespreek word deur die evalueerders.

Fase 4

'n Meningsopname, deur die Verkenners teenwoordig by die Keuringsproses, kan gemaak word oor die genomineerde kandidate .

Fase 5

Onderhoude word gedurende die proses aan die genomineerde kandidate toegestaan deur die Keuringspaneel . Die paneel sal bestaan uit persone (verkenners of offisiere?) wat deur die AGL Verkennersake en GJR voog aangewys . Die paneel kan bestaan uit lede van die uittredende Gebiedsjeugleiers en Offisiere .

Fase 6

Na afloop van die keuringsproses word die sterkste kandidate as gebiedsjeugleiers aangekondig deur die AGL Verkennersake of Gebiedsjeugraad voog/de na goedkeuring deur die betrokke Gebieds- of Provinsiedagbestuur . . (Deur wie? Goedkeuring deur betrokke gebiedsdagbestuur?)

Fase 7 (Nasionale jeugleiers)

Die AGL Verkennersake en Gebiedsjeugraadvoogde wys die gebiedsverteenwoordigers van die Nasionale jeugraad aan.

5. NASIONALE JEUGRAAD EN NASIONALE JEUGLEIER

5.1 Samestelling

Die Nasionale jeugraad bestaan uit:

5.1.1 Verteenwoordigers van die onderskeie gebiede:
- a) Transvaal - 2 Gebiedsjeugleiers
- b) Vrystaat - 2 Gebiedsjeugleiers
- *c)* Kaapland- 3 Gebiedsjeugleiers *[Wes Kaap 1, Noord Kaap 1, Oos Kaap 1]*
- d) Namibië - 2 Gebiedsjeugleiers

5.1.2 Adjunkhoofleier Verkennersake aangewys in raadgewende hoedanigheid.

5.1.3 Nasionale Jeugraadvoog/de soos aangewys deur die Nasionale Komitee: Verkenners.

5.2 Doel

5.2.1 Om 'n skakel te wees tussen die jeuglede/jeugleiers van die onderskeie Gebiede en die hoofbestuur.

5.2.2 Om as spreekbuis van alle jeuglede binne Die Voortrekkers op te tree.

5.2.3 Om aktiwiteite te beplan en organiseer in samewerking met hoofbestuur.

5.2.4 Om effektiewe kommunikasie tussen die nasionale jeugraad, gebiedsjeugraad, oordjeugraad en kommandojeugraad te verseker.

5.2.5 Om op te tree in 'n raadgewende hoedanigheid vir die hoofbestuur ten opsigte van sake wat jeuglede raak.

5.3 Konstituering en vergaderings

5.3.1 Die betrokke adjunkhoofleier roep die gebiedsjeugleiers byeen teen *Mei* van hul termyn na 'n vergadering van die nasionale jeugraad.

5.3.2 Die nasionale jeugleiers word beurtelings aangewys uit die gebiede wat op die nasionale jeugraad verteenwoordig is en tree as voorsitter en sekretaris op. Indien die aangewese voorsitter of sekretaris nie teenwoordig is nie, wys die vergadering 'n persoon aan om as voorsitter of sekretaris vir die betrokke vergadering op te tree.

5.3.3 Die twee nasionale jeugleiers tree as verteenwoordigers van die nasionale jeugraad op by die hoofbestuur

5.3.4 Die nasionale jeugraad vergader so dikwels as nodig, maar ten minste een keer per jaar, uitgesluit die konstitueringsvergadering.

5.4 Dienstermyn

Die dienstermyn van die Nasionale Jeugraad is een jaar vanaf Mei tot April van die daaropvolgende jaar.

5.5 Magte, pligte en werksaamhede

5.5.1 Die nasionale jeugraad gee deur sy verteenwoordigers insette aan die hoofbestuur oor behoeftes van die jeuglede

5.5.2 Die hoofdagbestuur bepaal ander magte, pligte, werksaamhede en verantwoordelikhede van die nasionale jeugraad.